

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

Februarie 2011 Nummer 101

INHOUDS OPGAWE

Hoe bly ons gebed
lewendig? ...1

Die verskil tussen
weggesteekte sondes en
vergeefde sondes ...3

Spyt of berou? ...4

Kind en wet ...4

Boekenuus ...6

HOE BLY ONS GEBED LEWENDIG?

HJ Messelink

Gebed kan dalk maklik in 'n sleurwerk ontaard. Baie kinders van God ervaar dit so. Terwyl jy jonk is, begin jy met jou eie gebedslewe. Wanneer mense dalk trou, begin hulle oor en begin ook tesame 'n nuwe gebedslewe. Na verloop van jare, kry jy dalk die gevoel dat jou gebed voorspelbaar geword het. Jou kinders kan dalk al voorspel wat jou volgende sinnetjie tydens die tafelgebed gaan wees. Die saambid tussen man en vrou begin mettertyd om 'n herhaling van gister se woorde te word. Dit is goed as ons so 'n situasie as moeite of sleur ervaar. 'n Mens sou dit immers ook net as normaal kon aanvaar, en verlief neem met die situasie. En dan het die sleur gewen.

Is daar ander maniere?

Hoe kan ons hierdie sleur in die gebed? Laat ek uit die staanspoor sê dat ons nie verkeerde wapens moet gebruik nie. Sulke verkeerde wapens is byvoorbeeld om daarna te streef om elke gebed totaal uniek te bid. So iets is nie moontlik nie, en is ook nie nodig nie. God het nie die perfekte bidder lief nie, maar die opregte bidder.

Die Here Jesus het in die eerste plek die Onse Vader vir ons gegee as 'n gebed vir ons persoonlik. Hoe bekend die woorde ook al is, hulle is tog elke keer as 'n mens dit bid, weer vol krag. Die Onse Vader is ook 'n skildery-gebed gebed, waarvolgens jy elke keer kan sien hoe jy kan en mag bid. Dis 'n voorbeeld-gebed waarvan jy byvoorbeeld elke dag van die week een bede kan kies en dit sentraal stel in jou eie gebed. Jy sou dit miskien kon doen met behulp van die uitleg van die Heidelbergse Kategismus (Sondag 46 – 52). So sou 'n mens inhoud aan jou gebed kon gee. Dit is nie noodwendig so oorspronklik nie, maar dit kan tog nuwe lewe in 'n mens se gebedslewe blaas. Ek noem hierdie dinge ook om te beklemtoon dat ons nie dadelik te hoë eise aan onself stel nie. As jy

elke gebed heeltemal oorspronklik en nuut wil bid, sal jy vinnig uit “gebedsvoorraad” raak. Al wat dit tot gevolg sal hê, is frustrasie met jouself. Dan kan jy jouself eerder beroep op die woorde van die volmaakte gebed of die formuliergebede in jou Psalmboek.

Nie alles tegelyk aanpak nie

Om die sleurwerk in ons gebed teë te gaan, kan dit ook help om die gebied van naderby te bekyk. 'n Gebed bestaan uit verskillende afdelings. Daar is lofprysing en aanbidding, danksegging, skuldbelydenis, gebed vir vergewing, pleit volgens God se beloftes, voorbidding vir ander, en dan ook nog dinge in jou eie persoonlike lewe. Dit is 'n hele mond vol! As 'n mens aan dit alles goed wil aandag gee, pas dit nie eers in een gebed nie! En dis ook nie nodig nie. Ons kan byvoorbeeld somtyds heel doelbewus net een van bogenoemde elemente in die gebed op die voorgrond plaas. Hoekom sou jy nie een van jou gebede slegs rig op die lofprysing van die Here nie, deurdat jy Hom aanbid vir sy grootheid en al sy groot dade vermeld? Die Here hou daarvan om dit te hoor!

En gestel dat alles op 'n spesifieke dag in jou lewe verkeerd geloop het, dan is dit goed om uitgebreid daaroor met die Here te praat. En iets soos skuldbelydenis is tog nie 'n kwessie van een sinnetjie nie? Dit is belangrik om vir die Here te sê wat het verkeerd geloop en waarvoor jy vergewing vra. Dit op sigself sal al vir jou siel verligting gee en die gevoel van vergewing sal baie sterker opmerkbaar wees.

En as daar spesifieke probleme in jou lewe is, is dit goed om met die Here daaroor te praat. In so 'n geval kan jy gebed en Bybellees en oordenking van die saak met mekaar afwissel. As jy 'n bepaalde moeite aan die Here voorgelê het, is dit goed ook net 'n tydjie stil te word en na te dink: wat mag en kan ek aan die Here vra in verband met hierdie situasie? Volgens watter belofte mag ek pleit? Om te bid beteken dat ons ook voluit ons verstand moet gebruik!

'n Mens hoef dus nie elke keer dieselfde te bid of alles in een gebed te noem nie. Juis dan kan gebed baie goue 'n sleur en herhaling verval. Soos iemand eenkeer gesê het: *“Ek kan nie saans gaan*

slaap voor ek nie by die Here uitgeteken het nie.” Maar dis nie reg om so met God, jou Vader om te gaan nie. Om opreg te bid, is om God by alles te betrek. En dit beteken dat ek die een keer meer klem op een saak lê, dalk in verband met iemand wat ek ken, en 'n ander keer dank ek die Here vir dit wat Hy vir my gegee het, heel konkreet.

Bid is om te antwoord

Die beste medisyne teen sleur in ons gebede het ek nog nie genoem nie. Dit is om die gebed te verbind aan die lees van God se Woord. Want ten slotte is bid om te antwoord. Ons sê nie sommer net enige iets nie. 'n Mens hoor soms dat mense bid: “O God, as U bestaan, maak U dan bekend aan my.” Maar as jy bid, doen jy presies die omgekeerde, omdat jy weet: God *hét* Homself bekend gemaak. Hy is nie die groot Onbekende nie. Hy is die God wat al Homself aan jou verbind het en uitgespreek het: Ek is jou God, Ek het jou lief met 'n ewige liefde. God het gepraat in sy Woord, die Groot Belofteboek. Hy het dit swart op wit gestel: Ek wil vir ewig jou Vader wees, die totale sorg oor jou lewe het Ek in my hande geneem. Ek wil jou bewaar teen afvalligheid, en aanvalle van die duiwel. Ek wil jou vashou in die vreeslike dieptes van jou lewe, wanneer alles nag-donker is. God het dit vir ons belowe en in ons gebed mag ons Hom op sy belofte wys. Ons kan dit heel letterlik doen. Ek bedoel dit sò: jy kan jou Bybel oopmaak en met jou vinger een van God se beloftes aanwys, en dit aan die Here voorhou: Here, U het dit tog self gesê. U het gesê: “Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie” (Hebr 13:5). Ek pleit volgens hierdie woorde. So kan 'n mens baie doelgerig fokus op wat God belowe het.

Jy kan jou Bybel oopmaak en met jou vinger een van God se beloftes aanwys, en dit aan die Here voorhou: Here, U het dit tog self gesê!

Jy kan met jou gebed ook direk aansluiting vind by wat jy dalk gelees het. Neem nou byvoorbeeld die Psalms. Jy kan die Psalms van voor tot agter

Die Almag van God staan nie in die skaduwee van Sy Vaderskap nie, maar in die lig van Sy Vaderskap

- AA van Ruler

deurlees, en jouself afvra watter belofte jy van die Here vind in die Psalm wat jy gelees het. Of: “Wat sê die Here hier van Homself, of wat wil die Here hier vir my wys of waarteen waarsku Hy my hier?” Vervolgens sou jy dit in jou gebed kon verwerk. So kan jy sien: dat om te bid, is om te antwoord, om te reageer op dit wat die Here gesê het.

En nou die praktyk

As jy nou agtergekom het dat jy besig is om in sand vas te val met jou gebed, is dit goed om voorraad op te neem van jou gebedslewe en probeer om jou gebed weer lewendig en vars te maak. Bogenoemde kan jou dalk help, maar ek wil tog ook noem dat die een voorwaarde vir 'n lewendige gebedslewe, dissipline is. Jy sal jouself ook moet inoefen in die omgang met die Here, en in hierdie leerskool bly jy lewenslank.

Ten slotte, dit lyk dalk of ons die gebed op 'n baie tegniese manier benader het. Dit is sekerlik nie verkeerd om saam na te dink oor die vorm en inhoud van die gebed nie. Die dissipels het tog ook aan die Here Jesus gevra: “Here, leer ons bid?” Maar dit hoef natuurlik nooit alle spontaneïteit uit te sluit nie. Daar is gelukkig genoeg kinders van God wat elke dag 'n lewende, nie-sleurende omgang met Hom het. Maar soms sluip daar tog 'n fout in. Soms word gebed tog net 'n oefening van herhaling. En dan is dit tyd om nuut te begin. Ek hoop dat ek jou hierin kon help. Ek wens u baie blydschap toe in u omgang met God!

DIE VERSKIL TUSSEN WEGGESTEEKTE EN VERGEEFDE SONDES

J Glas

‘En Dawid sê vir Natan: Ek het gesondig teen die HERE! En Natan sê vir Dawid: So het die HERE dan ook u sonde vergewe: u sal nie sterf nie.’ (2 Samuel 12: 13)

Dawid weet goed dat Natan se beskuldigende vinger op sy hart gerig is. Saam met al die skaamte wat hy moes gevoel het, is hierdie oomblik die begin van die bevryding. 'n Jaar van bedrog en ellende het nou tot sy einde gekom. Hy het tot die insig gekom dat hy nie net 'n vrou afgerokkel en 'n soldaat se dood veroorsaak het nie, maar ook dat hy teen die Here gesondig het.

Om sonde te probeer wegsteek kan mens siek maak. Terwyl wanneer iemand jou skuld vir jou uitwys, die begin van genesing kan wees.

As Dawid tot die insig gekom het dat hy sy sondes nie meer kan verberg nie, sê hy: “Ek het gesondig teen die HERE”. Onmiddellik daarna spreek Natan die verlossende woorde: “So het die HERE dan ook u sonde vergewe.”

Om sonde te probeer wegsteek kan mens siek maak. Terwyl wanneer iemand jou skuld vir jou uitwys, die begin van genesing kan wees.

Ons is geneig om te dink: dit gaan alles darem net te maklik. Jy hoef slegs te sê dat jy berou het en dis verby. As ons so dink, sien ons iets baie belangriks oor die hoof: vergewing is vir ons 'n groter probleem as vir God. God staan altyd klaar met sy genade van vergewing, maar Hy moet dikwels so lank vir ons wag om dit te kom vra. Ons vat so lank om sy genade te aanvaar en te lewe van vergewing. Ons wag partykeer, net soos Dawid, 'n jaar of nog langer. Ons probeer ons sondes te verberg en skuil agter 'n masker.

God hou ons sondes in gedagte as ons hulle wil probeer vergeet. Maar Hy wil ons sondes vergeet as ons vir Hom wil vertel waarin ons gesondig het.

'n Christen is 'n volmaak vrye heer, aan niemand onderworpe nie. 'n Christen is 'n volmaak pligsgetroue dienskneg, aan almal onderworpe.

- M Luther

Die verskil tussen weggesteekte sondes en vergeefde sondes is ons skuldbelydenis. Alleen as ons die skuld bely het is dinge weer reg tussen God en ons. En dan ook heeltemal. En onmiddellik.

SPYT OF BEROU?

J Glas

“Want die droefheid volgens God werk ’n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood” (2 Korinthiers 7:10)

Daar is ’n verskil tussen berou en berou.

’n Mens kry ’n vorm van berou wat ons nie tot inkeer en ommekeer bring soos God dit wil nie. Hierdie vorm van “berou” noem ons spyt.

Jy het jouself skuldig gemaak aan verkeerde optrede. Jou gedrag het nie die gewenste uitwerking gehad nie. Dit het jou goeie naam, eer en geld in die gedrang gebring. Die gemors waarin jy is, veroorsaak ’n gevoel van spyt en selfverwyte. Hierdie spyt kan selfs so erg wees dat die hele lewe vir jou sinloos geword het. So ’n afkeer van jouself kan soms vernietigend vir jou lewe wees.

Die Farao van Egipte is ’n uitstekende voorbeeld van berou wat nie verder gegaan het as spyt nie. Hy erken dat hy gesondig het, skuldig is, en dat die Here ’n regverdige God is. Hy belowe ook om die volk te laat trek. Maar Moses sê vir hom: *“Ek weet dat u nog nie ontsag het vir die HERE God nie”* (Eksodus 9:30). En hy is reg. As reën, hael en donderslae ophou, gaan Farao weer op sy ou weg voort, soos voor hy spyt gehad het. Hy weier om die volk te laat trek.

Paulus skryf dat die droefheid van die wêreld tot die dood lei (2 Korinthiers 7:10). Dit is presies wat ook gebeur het met die Farao van Egipte.

Spyt bring jou nêrens. Spyt lei jou slegs tot ’n afgrond waarin jy walg van jouself.

Maar daar is ook berou wat volgens God se wil is.

Hierdie berou haat nie in die eerste plek die sonde as gevolg van die gevolge daarvan nie, maar haat die sonde omdat dit God se reg aantast en sy liefde vir ons afwys. Berou wat God bedoel, is genesend. Hierdie berou werp ons nie terug op onself nie, maar dit bevry ons harte van pyn en open nuwe lewensmoontlikhede. God se liefde bevry ons immers van alle smet?

Mag ons tog deur God se genade hierdie genesende droefheid leer ken.

KIND EN WET

JJD Baas

Inleiding

“Ma, hoekom lees ons elke Sondag in die kerk die wet?”

Nie ’n onbekende vraag nie. Wel ’n vraag wat beantwoord moet word.

Die antwoord moet sinvol wees. Jou kind moet met die antwoord kan werk.

Dit is belangrik om aandag te gee aan hoe jou kind die erediens elke Sondag beleef. Ek hoop om in hierdie artikel ’n bietjie aandag te gee aan hoe ’n mens prakties kan praat oor hoe ons kinders die wet in die erediens beleef. En dan verder, hoe kan die wet in die week wat volg toepaslik gemaak word.

God se wet is immers altyd aktueel.

Kinders glo hulle moet eers werk voordat hulle kind van God kan wees.

Die wet: ’n las of ’n lus

“Die wet”, dit klink streng. Dit voel of die wet ons net beveel wat ons nie mag doen nie. En dan is dit meestal dié dinge wat vir ons baie lekker is om te doen.

Dis hoe ek dit ook altyd beleef het. Veral toe ek ’n kind was. Hoe beleef jou kind die wet van God? Ek

Christenskap kan opgesom word in twee feite: Christus vir ons, en Christus in ons.

- AH Strong

glo nie hulle beleef dit anders nie.

Ek het op 'n keer vir 'n groep jong kinders gevra: “Hoe kan jy in die hemel kom?”.

Die meeste kinders het eers bietjie gedink, en toe antwoorde gegee soos: “Om die wet van God te hou.” Of: “Lewe soos God vra.”

Nadat ons hierdie saak bespreek het, was my gevolgtrekking: kinders glo hulle moet eers werk voordat hulle kind van God kan wees.

Is ons as volwassenes meer gevorderd in ons denke oor en beleving van ons geloof?

Hoe word die wet prakties gemaak in ons daaglikse lewe? Hoe gee ons dit in woord en daad aan ons kinders deur?

Ons moet onself en ons kinders goed laat verstaan dat ons saligheid buite onself, in Christus lê. Nie deur die wet te onderhou om so verlos te word nie, maar die wet gehoorsaam en navolg omdat verlossing aan jou belowe en gegee is.

Omdat Ek goed is vir julle, leef daarom soos wat Ek vra.

Ek herinner my enkele verse uit Psalm 119 wat ek op 16-jarige ouderdom in 'n erediens saamgesing het. Die preek het ook oor hierdie gedeelte gehandel. Die gedagte het toe by my opgekom: “Hoe kan die predikant en die psalmdigter so 'n positiewe benadering hê oor die wet?” Die wet is iets wat jou inperk. Die wet kan tog nie 'n teken van bevryding genoem word nie? So 'n gedagte is seker iets wat by volwassenheid tuishoort. Miskien sal ek later verstaan. En inderdaad, ek verstaan nou. Dis net jammer ek het dit nie vroeër reeds besef nie.

Dit beteken nie ons moet sê: “Moenie bekommerd wees nie, jongmense sal later verstaan nie.” Want so word jongmense vir 'n periode van hul lewens van iets baie moois ontnem.

Hoe kan ons kinders help om die wet reeds vroeg in hulle lewens reg te verstaan? En hoekom is dit van uiterste belang dat die wet elke week in die erediens voorgelees word?

Hoe kan die wet positief deur hulle (en ons) benader word?

Die wet is die pad na die lewe

Eintlik is die wet van God 'n onvoorstelbare gawe van God aan sy kinders. Die feit moet ons oor en oor aan ons kinders voorhou.

Ons kan die mooiste dinge oor die wet sê. Lees maar saam:

Die erediens het nou-net begin.

Die eerste geskenk: “Genade en vrede”, wat deur die predikant namens God uitgespreek word.

“Genade” beteken: “die Here God neem al jou sondes weg”. Jy is sy kind. Hy het reeds sy Seun gestraf vir die sondes van sy kinders. Waarvan jy een is.

Eintlik moet die Here onsettend kwaad wees vir ons. Ons verdien swaar straf vir al ons sondes. In die plek daarvan sê Hy: “Vrede”. Wat beteken: “Ek is nie meer kwaad nie, want daar is reeds betaal. Ek het reeds iemand gestraf.”

Maar dan moet jy besef watter sondes jy gedoen het. Het jy regtig soveel verkeerd gedoen?

Baie kinders, en sekerlik ook volwassenes, het nie die vaagste benul hoe groot hul sondeskuld voor God is nie.

Daarom is dit goed om die wet reeds aan die begin van die diens te hoor. So word jy gewys hoe die goeie God wou hê dat jy moes leef die afgelope week.

Maar ons moet nog meer sê. Want aan die begin van die erediens het jy die grootste geskenk denkbaar ontvang: Die belofte van die ewige lewe.

Wat maak jy met so groot geskenk? Die minste is om “dankie” te sê.

Dan sal jy ook wil lewe soos wat die Gewer van die groot geskenk van jou vra. Hy het jou lewe gered van die dood, ewige dood.

Sal jy anders wil lewe as wat Hy van jou vra? Tog sekerlik nie?!

Weet jy hoe Hy wil hê jy moet lewe? Dit staan alles in sy wet geskrywe. Dis waarvoor Hy die wet gegee het. Daarom luister ons elke Sondag na sy wet in die erediens. Vir vaders, moeders en kinders.

Hy wil die wet by ons inskerp: Moenie my wet vergeet nie, slegs op die weg wat dit vir jou wys, is die lewe goed.

As 'n mens so na die wet luister in die erediens, dan

Baie mense sê God is liefde, maar hulle meet Sy liefde volgens die maat van mense

- A Kuyper

is dit glad nie meer aaklige en onaangename dinge wat die Here van ons vra nie.

Die rykdom van die wet

Die wet van God gee ons 'n pragtige sig op God self. Sy liefde vir ons kom so duidelik na vore. Dit is nie: "Jy mag nie dit en jy mag nie dat nie." Die wet bied presies die teenoorgestelde. Dit laat 'n mens sprakeloos. God se wet is oorvloedige liefde van sy kant: "Ek is julle Verlosser." So maak God Hom aan ons bekend: Ek is die God wat julle bevry uit die hand van die slawedrywer, die satan. Die satan het net belang by een ding: julle dood. Maar Ek soek julle lewe.

Hierdie tien reëls is alles behalwe reëls wat die lewe onaangenaam maak.

Dit is die kosbare begin van God se wet. As jy mooi daarvoor dink, roep dit stille bewondering op. Hoe goed is God vir ons... Hoekom eintlik? Ons verdien dit nie! En tog... Is dit nie 'n groot rykdom om met jou kinders oor hierdie God te kan praat nie?

So kom ons by die tien reëls. Omdat Ek goed is vir julle, leef daarom soos wat Ek vra. Hierdie tien reëls is alles behalwe reëls wat die lewe onaangenaam maak. Dit is verseker sinvol om die tien gebooue in ander woorde vir kleiner kinders saam te vat.

Oor die algemeen kan ons die wet uit ons kop uit opsê, maar ons is baie swakker daarin om dit prakties toepasbaar te maak. 'n Ander formulering van die wet kan dit vir ons kinders meer laat leef. Hieronder 'n poging.

1. Dien net vir My.
2. Dien net vir my soos wat Ek vra.
3. Die Here is heilig. Met Hom word nie die spot gedryf nie. Vertel van sy groot dade.
4. Jy kry elke week 'n rusdag as feesdag.
5. Luister goed na die mense wat jou die pad na die ewige lewe voorhou.

6. Sorg goed vir mekaar.
7. Doen wat jy belowe het.
8. Pas mekaar se goed mooi op.
9. Praat goed van jou naaste.
10. Wees tevrede met dit wat God gee.

Om die wet van God so vir kinders voor te hou, gee hulle die geleentheid om dit beter te verstaan. So sien hulle veral God se positiewe bedoeling met sy wet. Hy wens vir ons die goeie. Miskien is dit mooi om hier te noem dat dit reeds 'n stukkie beleving van God se koninkryk is. Want by die nuwe hemel en nuwe aarde verander die wet nie. Eintlik is die voorlesing van die wet reeds 'n stukkie koninkryk van God op hierdie aarde. Lewe met die wet van God is waarlik goed.

BOEKENUUS

• My tye is in u hand / Prof L Floor

Wie in die aand van sy lewe terugkyk, sal met verwondering ontdek dat daar 'n hand was wat hom gelei het: soms langs skone heuwelrye (Psalm 16), maar ook deur diep en donker dale (Ps. 23). Altyd is die hand daar, want soos Dawid getuig: "My tye is in u hand." (Ps. 31:15a). Dit is nie sonder rede dat die digter die meervoud "tye" gebruik nie. Met daardie woord word al die omstandighede van die lewe beskryf (Calvyn).

Wat 'n groot vreugde en wat 'n diep dankbaarheid, om te weet dat die heilige hand van God ons vashou wanneer ons dreig om te struikel, wat ons oprig wanneer ons geval het, wat ons weer nader trek wanneer ons van Hom wegbeweeg het, wat ons by die bron van troos bring wanneer ons diep bedroef is. God is altyd daar want ons lewe, ons tye is in sy heilige hand. Die Here se hand is in die Bybel 'n metafoor vir die Godsbestuur. Twee dinge is nodig. Ons moet leer om die hand van God in ons lewe raak te sien. Maar dan is dit ook van die aller grootste belang om onder daardie heilige hand te buig. Petrus roep ons op om dit te doen (1 Pet.

God se werke, al Sy werke, of dit nou in die natuur of op die terrein van sy koninkryk is, benodig altyd Sy woord – Sy interpretasie

- NJ Monsma

5:6). Onder daardie kragtige hand vind ons rus, oorgawe, vrede en vreugde. Dit is die hand van die Herder en Bewaarder (1 Pet. 2:25). Hierdie preekbundel wil van daardie heilige hand van God getuig.

In die preke word die leser opgeroep om ootmoedig in die geloof onder God se hand te buig, ook wanneer die Here ons daarmee slaan. Ons kan dit doen in die wete dat ons tye, ons hele lewe in sy hand is, deur Hom gelei word.

(R 70)

- **This was John Calvin / Thea B van Halsma**

Hierdie publikasie vertel die verhaal van die lewe van die hervormer. Johannes Calvyn kom, vir oud en jonk, tot lewe in hierdie boek. Die talle gegewens oor sy persoonlike lewe wat behoue gebly het in sy briewe en geskrifte, word verwoord in hierdie verhaal. Die boek is reeds in 1959 geskryf. Hierdie is reeds die vyfde druk in Engels (2010) en is ook al in Spaans, Portugees, Koreaans, Chinese, Indonesies en Japannese vertaal. “The most lively and readable biography of Calvin available in English”

(224 bladsye – R 155)

Hierdie boeke is beskikbaar by:

- Folmer Boekhandel (Kaapstad)

Proteaweg 95, Proteahoogte, Brackenfell, 7560

Tel: 021 982 1402

e-pos: eendenkooi@telkomsa.net

- Folmer Boekhandel (Pretoria)

Laseandrалаan 115, Moregloed, 0186

Tel/faks: 012 333 8064

epos: folmerpta@telkomsa.net

- Petro Drijfhout

epos: folmerboek@telkomsa.net

Tel/faks: 012 543 3597

Kettery begin amper altyd, nie wanneer die waarheid ontken word nie, maar wanneer die een waarheid beklemtoon word ten koste van 'n ander

- HJ Kuiper